SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 13 OKTOBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

PRESTASIE DEUR SUID-AFRIKAANSE RADIOAMATEUR TYDENS TIENDE INTERNASIONALE AMA-KONFERENSIE

INNOVASIE IN AMATEURRADIO BELOON

SARL PRESIDENT SKAKEL MET WES- EN OOS-KAAP

RADIOAMATEURS EN KORTGOLFLUISTERAARS UITGENOOI OM AAN 'N NAVORSINGPROJEK DEEL TE NEEM

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SUID-AFRIKAANSE RADIOAMATEUR EN TIENDE INTERNASIONALE AMA-KONFERENSIE

Die internasionale maankaatsamateurgemeensakap kom elke twee jaar tydens hul konferensie byeen. Vanjaar het dit tussen 16 en 18 Augustus in Praag in die Tsjeggoslowaakse Republiek plaasgevind ten spyte van katastrofiese vloede in die gebied. Min geregistreerde afgevaardigdes het weggebly weens die vloede en ten spyte daarvan was dit die grootste ooit AMA-konvensie met 101 deelnemende amateurs en ongeveer 80 familielede vanuit 5 kontinente met Suid-Amerika afwesig.

Die konferensieprogram het lesings, werkswinkels en besprekings ingesluit wat verskeie onderwerpe gedek het en agt referate is ook gelewer.

En nou vir die prestasie: Daar was ook 'n kompetisie vir die beste laeruisvoorversterkers in die 144 MHz tot 10 GHz-bande. Ingeskrewe voorversterkers is getoets

met HP-toerusting in die Tsjeggiese Akademie vir Wetenskap. Dit was 'n groot verrassing vir almal dat Ivo Chladek, ZS6AXT die volgende pryse behaal het: eerste prys vir sy 5760 MHz voorversterker, die tweede prys vir sy 432 MHz voorversterker en derde prys vir sy 2304 MHz voorversterker. Ivo, Sarlnuus is seker dat al die Suid-Afrikaanse radioamateurs met ons is wanneer ons ons hartelike gelukwense aan jou oordra vir hierdie werklik waardevolle prestasies deur jou. Mag dit as aansporing dien aan ander amateurs om ook ambisieuse projekte te onderneem.

INNOVASIE IN AMATEURRADIO BELOON

Brad Phillips ZS5BP, is verlede week beloon vir sy innovasie in amateurradio toe hy die Radioamateur-van-die-Jaar-toekenning van Rolf Spaeth, Streeksbestuurder van Siemens Telekommunikasie ontvang het. Die toekenning wat deur Siemens geborg word, word jaarliks toegeken deur die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust aan die radioamateur wat 'n belangrike bydrae tot die amateurdiens gelewer het.

Brad Phillips, visevoorsitter van die Highway Amateurradioklub, het die toekenning ontvang vir sy werk aan en die indiensstelling van IRLP "Internet Radio Linking Project". "IRLP bied nuwe geleenthede vir die ontwikkeling van die amateurradiodiens in Suid-Afrika aangesien dit amateurradio binne die bereik bring van jongmense in skole en die ouer garde wat na aftrede dikwels nie toegang tot HF-fasiliteite het nie," het Brad Philips gesê tydens 'n PowerPoint geïllustreerde aanbieding.

Met die oorhandiging van die toekenning het Rolf Spaeth gesê dat amateurradio 'n waardevolle bate vir die telekommunikasie-industrie is aangesien dit belangstelling in kommunikasieloopbane stimuleer en 'n poel van entoesiastiese rekrute voorsien. Hy het ook die borgskappakket vir die 2003-toekenning aangekondig wat voortgesette borglidmaatskap van die SARL insluit.

SARL President Sid Tyler het Brad met sy prestasies gelukgewens. Hy het gesê dat IRLP net so 'n deel van amateurradio as HF is. Die internet moet nie as 'n bedreiging van ons aktiwiteite gesien word nie maar eerder as 'n uitdaging om vir die beste te aanvaar vir die goeie tot uitbreiding van ons wêreld en dit is presies wat Brad en andere besig is om te doen.

Brad het 'n sertifikaat en R1000 ontvang. 'n Onderhoud sal om 10:00 vanoggend met Brad op Amateur Radio Mirror International gevoer word sowel as op SAFM se Computer Gig om 20:30 vanaand.

SARL PRESIDENT SKAKEL MET WES- EN OOS-KAAP

As gevolg van swak voortplantingstoestande gedurende die weeklikse net van die President gaan die SARL se President, Sid Tyler ZS6AYC, op Sondagaand 20 Oktober om 20:00 SAT 'n spesiale net met amateurs in die Wes- en Oos-Kaap hou. Die net sal vanuit Stellenbosch op die 145,700 herhaler en vanuit Port Elizabeth op die Oos-Kaapherhalernetwerk herlei word. Amateurs sal die

geleentheid gegun word om vrae aan die President te stel. Amateurs in die Wes- en Oos-Kaap word vriendelik versoek om van die geleentheid gebruik te maak.

OKTOBER RAE

Komende Donderdag 17 Oktober word die Radio Amateur Eksamen in 16 sentrums regoor Suid-Afrika afgeneem. 'n Totaal van 109 kandidate het vir die eksamen ingeskryf. Kandidate moet hulle eksamennommer en ID-dokument saamneem asook 'n voltooide lisensieaansoekvorm. Hierdie vorm is saam met die eksamennommers aan kandidate gepos. Kandidate word ook aangeraai om teen 18:30 reeds by die eksamenlokaal aan te meld. Die SARL wens al die kandidate voorspoed met die eksamen toe. Die SARL bedank ook graag al die toesighouers en assistent-toesighouers wat by die eksamen betrokke is asook al die dosente wat met baie tyd en opoffering die kandidate vir die eksamen en 'n aangename en verrykende stokperdjie voorberei het.

NOG 'N SPESIALE BOEKE-AANBOD

Die SARL boekwinkel het 'n goeie reaksie gehad op die spesiale aanbod vroeg in September. Hierdie aanbod staan nog, maar slegs een eksemplaar van die "Design Notebook" en omtrent 20 eksemplare van "Understanding Basic Electronics" is oor.

Die boekwinkel van die SARL het weereens 'n spesiale aanbod op vier boeke. Die boeke word onder kosprys aan lede aangebied en is geldig tot die voorraad uitverkoop is. As gevolg van veranderinge in die aard van die mark vir boeke, gaan die boekwinkel nie meer hierdie boeke in voorraad hou nie.

Die eerste boek is NOS-Intro deur Ian Wade, G3NRW. Dit is 'n A5-formaat 350 bladsy boek oor TCP/IP oor Pakketradio, in effek DIE handboek oor die Pakketradio-bedryfstelsel. Dit is 'n praktiese boek met baie inligting en wenke. Dit word aangebied teen R10 per eksemplaar aan SARL-lede.

Die tweede boek is "Your VHF Companion" wat deur die ARRL uitgegee word. Dit is 'n kleinformaat boekie met sowat 200 bladsye oor alle aspekte van BHF-werk. Dit dek FM en herhalers, pakket, enkelsybandwerking, satelliete, stadige aftas- en amateurtelevisie, senderjagte ens.

Die derde aanbod is vir "Radio Auroras" deur Charlie Newton G2FKZ. Hierdie boek word deur die RSGB uitgegee. Dit gee inligting oor die ontstaan van auroras en hoe hulle vir BHF-voortplanting aangewend kan word.

Die vierde aanbod is op "Your RTTY/Amtor Companion" deur Steve Ford, WB8IMY die redakteur van QST. Dit bevat sowat 140 bladsye in A5-formaat en word deur die ARRL uitgegee. Dit gaan oor die wêreld van HF digitale kommunikasie en as 'n mens nog nooit Amtor of RTTY gewerk het nie, is dit die boek vir jou.

Die laaste boek op uitverkoping is. "Beyond Line of Sight" wat deur die ARRL uitgegee word. Dit is in A4-formaat met meer as 200 bladsye en is goed geïllustreer. Die artikels is uit QST herdruk en gaan oor dit wat BHF

DX moontlik maak, tropo, sporadiese-E, aurora en aurora-E, metoorstrooiing, F-laag-voortplanting en aard-maan-aard.

Elkeen van hierdie tegniese boeke bied uitstekende waarde vir geld en die prys vir almal behalwe die eerste een is R50-00 per eksemplaar.

Skakel Debbie by 011 675 2393 om die voorraadposisie te kontroleer. Amateurs wat nie die NARS kan besoek om die boeke te koop nie, moet asb posgeld byvoeg.

CQ HOU KOERS EN JOTA

Die jaarlikse CQ Hou Koers en Jamboree-op-die-Lug word oor volgende naweek van 18 tot 20 Oktober gehou. Voortrekkers neem deel aan CQ Hou Koers op 18 en 19 Oktober, terwyl Padvinders en Meisiegidse wêreldwyd aan die 45ste Jamboree-op-die-Lug op 19 en 20 Oktober deelneem.

Radioamateurs word gevra om hulle plaaslike Voortrekkerkommando, Padvindergroep en/of Meisiegidskompanie te kontak en te ondersteun met hierdie aktiwiteite. Jy kan belangrik wees in die lewe van 'n kind.

QSL-KAARTE

Amateurs word daaraan herinner dat QSL-kaarte vir nie-lede van die SARL, slegs gehou sal word tot die einde van Oktober. Lede wat tot dan aansluit, sal nog hulle kaarte ontvang. Persone wat nognie hulle lidmaatskap hernu het nie, se kaarte word ook gehou tot einde Oktober.

RADIOAMATEURS EN KORTGOLFLUISTERAARS UITGENOOI OM AAN 'N NAVORSINGPROJEK DEEL TE NEEM

Radioamateurs en kortgolfluisteraars word uitgenooi om tydens die sonsverduistering gedurende Desember aan 'n navorsingprojek deel te neem. Die projek behels die monitering van 'n aantal mediumgolfuitsaaifrekwensies voor en tydens die verduistering. Die projek word geko-ordineer deur die Fisikadepartement van die Universiteit van die Witwatersrand.

Luister vanoggend na Amateur Radio Mirror international wat 'n spesiale berig oor hierdie gebeurtenis insluit. Gereelde opdaterings sal in Sarlnuus ingesluit word en sal op die SARLWeb nl www.sarl.org.za beskikbaar wees.

AFDELING 6 BANDBEPLANNINGSKOMITEEVERGADERING

Dit is met groot blydskap dat gerapporteer kan word dat gister se vergadering van hierdie komitee by die NARS baie goed bygewoon is, ook deur verteenwoordigers van verafgeleë klubs. Belangrike sake is bespreek en Sarlnuus vertrou dat ons later besonderhede kan verskaf oor besluite geneem.

MEGA-SOMERVLOOIMARK IN PRETORIA

Al die amateurradioklubs in Pretoria hou 'n gesamentlike somervlooimark op Saterdag 26 Oktober 2002. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suidkampus

van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 10:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort, is welkom. Kom besoek gerus die Mega-vlooimark in Pretoria. Skakel Almero ZR6RY by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

Dit is dan die einde van ons nuusbulletin vir vandag.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750, 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al diegene wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX